

5 Januarie

Skrifgedeelte: Romeine 8:1-8

Fokusgedeelte: Romeine 8:6-8

HK, Vraag 5

Onvermoë om wet te onderhou

Wat 'n weersprekking is Romeine 8:1 teenoor die antwoord op Vraag 5! Nee, en nogmaals, nee! Die Skrif en die Kategismus weerspreek mekaar allermens. Woord en belydenis praat saam. Die een maak bekend "in Christus" (Rom 8:1) en die ander bely "behoort aan Christus" (Sondag 1:1). Die een verklaar "geen veroordeling nie" en die ander een bely Christus het "met sy kosbare bloed vir al my sonde betaal".

Woord en belydenis kom albei eerlik vorendag met ons wetsgehoorsaamheid – of liewer, ons gebrek daaraan. Dit dui die totale afwesigheid van liefde by ons aan. Dit is immers waaroor die hele wet praat, naamlik die liefde.

Die saak staan so: In ons are loop die sondebloed. Ons belydenis beskryf ons sondige aard as "van nature". Dit sit nou maar eenmaal in ons bloed om gehoorsaam aan onsself te wees. Ons eiebelang, besorgdheid oor die eie ek, gesondheid, voorspoed en toekoms is vir ons baie meer werd as God of ons naaste. Ons sal planmatig en met groot sorg voorsiening maak vir ons toekoms. Oor God se toekoms vir ons en die toekoms van ons naaste bestaan daar geen plan of besorgdheid nie, want God en my naaste is vir my nie naastenby so kosbaar of belangrik nie. Omdat ons eiebelang meer werd is, vra ons altyd: "Wie is my naaste?" Laat ons doelbewus daaroor nadink dat dit wat nie in belang van God of my naaste is nie, in die Bybel beskryf word met woorde soos "haat" en "vyandskap". Jesus het tog gesê: "Wie nie vir My is nie, is teen My." Ons maak ons keuses uit eiebelang en daarom kan ons God en ons naaste nie "van nature" liefhê nie.

Sing: Psalm 32:1 (1936-beryming) *Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*

Psalm 32:1 (2001-omdigting)